**Lendetaal. Homoërotiek in die kunste en in die letterkunde.**

Hennie Aucamp. Pretoria: Protea Boekhuis, 2011. 311 pp. ISBN 978-1-86919-462-8.

DOI: http://dx.doi.org/10.4314/tvl.v51i1.19

Hennie Aucamp se *Lendetaal* is 'n versameling opstelle georganiseer in vier subafdelings: "Kuns", "Skrywers en individuele werke", "Bloemlesings" en "Egodokumente". Ten spyte van die respek wat teenoor navorsing betoon word, sou dit vir die leser raadsaam wees om die akademiese aspirasies nie te ernstig op te neem nie. Die meriete van die bundel lê elders.

Die gehalte van die stukke is baie ongelyk, met 'n groot hoeveelheid terloopse inligting, anekdotes, afdwalings en gemeenplasighede. Baie van die bydraes maak die indruk van aantekeninge op pad na wat 'n samehangende betoog sou kon geword het, en hier en daar wil 'n mens vra: is dit werklik bundeling waardig? Terwyl geen leser onbeïndruk sal wees met Aucamp se formidabele ingeligtheid nie, kruip die stem van die pedagoog dikwels in en voel 'n mens jou by tye erg betuttel. Die vreeslike term "sensitiwiteitsopleiding" kon maar gebly het.

Daar is tye wanneer Aucamp se nonchalance inderdaad hinderlik is. In "Mad about the boy", byvoorbeeld, opper hy ten slotte 'n "ernstige kwelvraag" oor die uitbuiting en verontregting wat gepaard kan gaan met die gebruik van die erotiese jongensbeeld. Oor die kompleksiteite en subtiliteite van hierdie soort relasies is daar baie geskryf—en nie net deur Anaïs Nin nie. Waar 'n mens met reg 'n meer uitvoerige bespreking van hierdie onderwerp kan verwag, bly Aucamp se uitspraak oor "vuige oorheersingstrategieë" halfgebak en moralisties.

Dit lyk asof Aucamp baie min kennis geneem het van meer kontemporêre teorieë oor die liggaam, seksualiteit en gender. Om in 2011 nog in 'n boek van 'n geleerde en selfverklaarde kenner van die erotiek te lees dat "queer" maar net 'n sinoniem van "gay" is en nie 'n herkonsepsualisering van seksuele en genderidentiteit nie, is verbasend; net so verbasend as die feit dat Aucamp geen blyke gee van 'n kennisname met die werk van Judith Butler nie.

Nog heelwat ander besware sou geopper kon word—maar ek vermoed hulle sou neerkom op 'n miskenning van Aucamp se meriete. Hy is in hierdie bundel in die eerste plek nie as wetenskaplike kenner werksaam nie, maar as 'n onvermoeid nuuskierige argivaris en 'n besonder mededeelsame, sy dit ietwat ongedissiplineerde, *raconteur*. Die vrymoedigheid waarmee hy deesdae oor die seksuele skryf, is verfrissend en bevrydend. En hoeveel 'n mens jou soms ook kan erger aan Aucamp se gewoonte om saam met elke stukkie inligting ook 'n opinie oor te dra, is die hoeveelheid dokumentasie wat in *Lendetaal* verrig word, besonder indrukwekkend.

Aucamp is op sy beste en onderhoudendste as bekendsteller van minder bekende werk (byvoorbeeld Adolfo Caminha se *Bom-Crioulo*), of as hy 'n enkele teks ontleed of argumenteer dat daar in 'n verhaal aanduidings is van homoërotiese begeerte (byvoorbeeld in Tsjechof se "Terror"). Sy lesings van E. M. Foster en H. E. Bates is besonder fyn. In sy oorsig oor gay bloemlesings in Engels en Nederlands oor die afgelope vyf-en-twintig jaar ontbreek samehang, maar daarteenoor is "Tussengebied", waar hy 'n beredeneerde keuse bied uit "verskuilde en verbygegaande gay tekste", buitengewoon insiggewend en ook uitdagend. "'n Koppige relaas", gelewer voor die Stellenbosse Poësiekring in 2004, bied heelwat interessante insigte in Aucamp se werkwyse en opvattings. "Om vyfuur op 'n hersfoggend", ten slotte, is 'n ontroerende en lieflik onderbeklemtoonde huldeblyk aan Lucas Malan.

*Gerrit Olivier*
Gerrit.Olivier@wits.ac.za
Universiteit van die Witwatersrand